



Ook in hierdie uitgawe:

2

Brasilië: 'n Herder vir sy Skape.

4

Katedraal Bouers.

# Wat Het Jy Gedoen?

'n Boodskap van ons stigter en Hoof Uitvoerende Beampte

Wanneer ons oor jare van nou terugkyk op hierdie pandemie, glo ek dat een van die dinge wat vir my sal uitstaan, die ongelooflike leiers wat wêreldwyd saam met Harvesters werk sal wees.

Regoor die wêreld het lande gebukkend gegaan onder die Covid virus. Gedurende die afgelope veertien maande het verskillende variante nasies getref en dit het gepaard gegaan met die instelling van inperkings, net om op 'n latere stadium weer opgehef te word. Die meeste sendelinge het teruggekeer huis toe gedurende die tyd en dit het bygedra tot 'n groter las op plaaslike leiers wêreldwyd.

In sommige gebiede is daar mense wat ontsettend swaarkry. Die inperkings het veral negatiewe gevolge vir leraars gehad, aangesien hul enigste bron van inkomste afgesny was deur die sluit van kerke. Dit het gebeur terwyl die leraars terselfertyd hul siek gemeentelede moes bearbei en dié wat oorlede is aan die virus, moes begrawe. Finansiële hulp van normale bronne het feitlik opgedroog. Normale aktiwiteite van sendingwerk, evangelisasie en kerkplanting, is in die meeste gebiede en lande vir eers gestaak. Menige leraars en kerkleiers het self siek geraak. Baie van ons hubleiers, leraars en studenteleraars het gesterf as gevolg van die covid virus.

Desnieteenstaande die uitdagings, het baie leraars en kerkleiers steeds voortgegaan om God te dien. Hulle het die geleentheid aangegryp wat ontstaan het as gevolg van die pandemie en het die boodskap van verlossing in en deur Jesus Christus, aan desperate mense gedeel wat die siekte sonder hoop moes trotseer. Te danke aan hulle harde werk die afgelope jaar, het baie mense tot geloof gekom en nuwe kerke is ook geplant. Hierdie dienaars van God het uitgegaan om die Woord te verkondig, ondanks inperkings, hongersnood en die gevaar van infeksie. Hulle was bereid om die hande en voete van Christus te wees vir die armes, behoeftiges en mense sonder hoop. Hierdie leraars het ongelooflik baie opgeoffer, want hulle besef dat ongelowiges, nou meer as ooit, God nodig het!

Bid asseblief saam met ons vir hierdie getroue dienaars van God wat gekies het om die Woord uit te dra, veral in hierdie onseker tye. Kom ons ondersteun waar ons kan en moedig ander aan om dieselfde te doen. As ons eendag terugkyk op hierdie pandemie, sal ons baie verhale van hoop kan vertel. Daar sal ook baie vrae wees. Een so 'n vraag sal wees: "Wat het jy gedoen vir die Koninkryk van God gedurende die pandemie?"



*Steven (Fanie) Loots*

Steven Loots  
Hoof Uitvoerende Beampte



# 'n Herder vir sy Skape

Pastoor Tiago de Oliveira Santos wat sedert 2018 betrokke is by Harvesters in Brasilië, is passievol vir die uitbreiding van die Woord. Hy was betrokke by die kerkplanting van vyf kerke in Minas Gerais, die gebied in Brasilië met die tweede meeste inwoners. Die mees onlangse kerkplanting was in Senador Firmino, 'n landelike munisipaliteit, omtrent 200 km van Belo Horizonte. Hierdie stad lê Pastoor Tiago baie na aan die hart.

## SENADOR FIRMINO

“Senador Firmino is die stad waar my ouers woon,” verduidelik Tiago. “Vandat ek my hart vir die Here gegee het, was dit nog altyd my droom dat my familie ook tot bekering sal kom en die Here sal dien. Na meer as dertig jaar as Christen, het ek nog nie die geleentheid gehad om met my familie die verlossing in Jesus Christus te kon deel nie. Ek het altyd gehoop dat hulle eendag, deur 'n wonderwerk, meer sal wil uitvind oor die Evangelie en so tot bekering sal kom.”


Tiago se getuigenis is 'n weerspieëling van wat in baie van ons se lewens ook die geval is. Dit is soms makliker om die evangelie in 'n ver land te gaan verkondig, maar 'n veel groter uitdaging om dit met ons eie families te deel.

“Nadat ek uitgevind het van Harvesters en die werk wat hulle doen, het my siening aangaande evangelisasie

en dissipelskap heeltemal verander,” sê Tiago. “Ek het onmiddellik die behoefte gehad om my familie te vertel van Christus en om dit daadwerklik tot uitvoering te bring.”

## ONVERWAGSE GELEENTHEDE

Oor die wêreld heen is kerke se deure toegemaak as gevolg van die pandemie. Dienste het toe verskuif na die internet. Dit het mense die geleentheid gebied om te ervaar en te sien wat kerk regtig is in die gemak van hulle eie huise. Een van hierdie mense was Tiago se tante, Sandra\*, wat ook in Firmino woon. “Aan die einde van een van die dienste het sy haar hart vir Here gegee,” vertel 'n dankbare Tiago. In die daaropvolgende dae, het sy begin om haar geloof uit te leef deur vir haar broer, Jorge, te bid. Jorge het het erge maagpyn ervaar en sy toestand was kritiek. Tiago het sy oom Jorge in die hospitaal besoek en die boodskap van Jesus Christus met hom gedeel. Jorge het daardie selfde dag sy hart vir die Here gegee. Sederdien het Jorge 'n paar suksesvolle operasies ondergaan en sterk goed aan. Tesame met sy gesondheid wat besig was om te herstel, het sy geloof ook gegroei. Tiago se tante en oom, saam met ander gelowiges, het gereeld byeengekom. Een van Tiago se tantes het hom gevra: “Is dit moontlik vir Harvesters om ons te besoek en te leer hoe om 'n kerk te wees?”



Danksy getroue ondersteuners soos jy, kon Pastoor Tiago na die landelike Senador Firmino reis om 'n kerk te plant en nuwe dissipels op te lei.



### VERLORE KUDDE

Terwyl Tiago se familie gegroei het in die geloof, was daar 'n plaaslike kerk wat besig was om te ontbind, nadat hul leraar verhuis het. Die gemeente was herderloos en die lede het nie meer byeenkomste gehad om by te woon nie. Sommige van hierdie gemeentelede het egter kontak gemaak met Tiago se familie. Uiteindelik was daar weer 'n groep gelowiges wat byeenkomste gehou het in Senador Firmino. God het hulle bymekaargebring.

“Hoewel baie van die gelowiges hulleself as Christene beskou, weet hulle nie veel van Christus nie, die verlossingsplan van God en wat Hy van ons verwag nie,” verduidelik Tiago. “Hulle sien Christenskap as die koop van seëninge van God. Dit is hartseer om te sien hoe min Christene in die landelike gebiede werklik weet van God en Sy Woord.

Tiago het besef dat hierdie gemeenskap van gelowiges geen leraar het wat hulle kan bedien nie. “Wie sal omsien na hierdie groep gelowiges?” Dit was tyd om 'n kerk te plant.

### NEERLEGGING VAN DIE FONDAMENTE

Tiago besoek die stad gereeld. “Die werk word gedoen van nuuts af,” sê Tiago. “Dit is die praktiese toepassing van die dissipelskap. Ons moet van voor af begin met evangelisasie en die proses van dissipelmaking.” Gedurende sy laaste besoek aan die einde van Junie, het Tiago hulle geleer van die sekerheid van verlossing. Die kerk bestaan tans uit 16 gemeentelede en is besig om te groei. Tiago is van plan om die oorblywende gemeentelede van die ontbinde kerk te kontak en in te lig, “Ons is weer 'n lewende kerk en gaan voort met die werk van God.”

“Ek is opgewonde,” sê Tiago, “dit sal my vyfde kerkplanting wees hier in Brasilië. Ek spandeer baie tyd met hierdie groep mense en ek bid dat God alles tengerode sal laat meewerk.”

\*Sandra is op 25 Julie 2021 oorlede. Sy is nou in die teenwoordigheid van ons Vader. 📧



Jy het gehelp dat hierdie kerkgroep in Senador Firmino met dissipelskap opleiding kon begin. Bid saam met ons dat hierdie nuwe dissipels sal groei in hul geloof en dat hulle Christus se lig sal laat skyn in 'n wêreld wat smag na verlossing.

# Katedraal Bouers

Nadat die vuur van 1666 die hele London tot op die fundamente verwoes het, is die beroemde argitek, Christopher Wren, die taak opgelê om die St Paul Katedraal te herbou. Die projek is geloot en die bouwerk het begin. Op 'n dag was Wren besig om drie bouers dop te hou terwyl hulle besig was om die mure steen vir steen te herbou. Hy het vir elkeen van hierdie drie bouers gevra, "Wat doen jy?"

Die eerste het geantwoord, "Ek lê stene."

Die tweede het geantwoord, "Ek bou 'n muur."

Die derde het met groot entoesiasme geantwoord, "Ek bou 'n katedraal!"

Elke bouer het 'n ander perspektief gehad op sy werk. Die derde bouer het sy werk as essensieel beskou tot die heropbou van die St Paul Katedraal!

Dit is ons gebed dat elkeen wat betrokke is by Harvesters hul rol in die uitbou van die Koninkryk van God sal sien as onmisbaar – of dit is om leraars in die veld op te lei of deur finansiële bydrae. U kan vandag begin deur 'n maandelikse bydrae van R150 te maak. Hierdie bedrag sal 'n leraar instaat stel om vir drie jaar teologiese opleiding te ontvang, 'n Bybel in sy eie taal te ontvang en om drie kerke te plant. Saam kan ons die Koninkryk van God uitbou. Baie dankie. ✉



## Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- Facebook – [www.facebook.com/harvestersmin](http://www.facebook.com/harvestersmin)
- Instagram – [www.instagram.com/harvestersministries](http://www.instagram.com/harvestersministries)
- YouTube – [www.youtube.com/c/HarvestersMinistries](http://www.youtube.com/c/HarvestersMinistries)
- Webtuiste – [www.harvestersministries.com](http://www.harvestersministries.com)


### Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,  
Rekeningnommer: 4075041297, Takkode: 632005  
Verwysing: "NE0821WB"+[jou naam]

### Meer opsies om te gee:

Besoek ons webblad

of gee via Zapper of SnapScan ...



Baie dankie vir jou ondersteuning!

## Harvesters MINISTRIES

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE (NPO EN PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**  
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**  
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

*Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.*



# Opening the Way